



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## **NASIONALE ASSESSERING ALGEMENE ONDERWYS SERTIFIKAAT (AOS)**

### **2023 GRAAD 9 PROEFSTUDIE**

Vak: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW)

Vraestel: 2

Punte: 80

Tyd: 120 Minute

15 minute leestyd **uitgesluit**

**Hierdie toets bestaan uit 25 bladsye, uitgesluit die voorblad.**



### **Instruksies aan leerder**

1. Jy sal 15 minute leestyd kry voordat jy met die toets begin.
2. Lees die instruksies en vrae noukeurig.
3. Beantwoord al die vrae.
4. Gebruik die antwoordboek om al die vrae in te antwoord.
5. Die gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar word toegelaat.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**



**Moenie omblaai totdat jy aangesê word om so te maak nie.**

## AFDELING A

### Vraag 1

1.1 Dr. Kool het na jare van harde werk, sy eie tandarts praktyk geopen. Sy praktyk het 'n winsgewende en suksesvolle besigheid geword.

Wat word in die bostaande scenario deur Dr. Kool verskaf?

- A Diens
- B Produk
- C Goedere
- D Kapitaal (1)

1.2 Watter van die volgende is belangrik met die ontwerp van 'n besigheid se logo?

- A Die nuutste mode-neigings.
- B Die eienaar se gunsteling kleur
- C Teikenmark
- D Koste van die drukwerk (1)

1.3 John is 'n bestuurder van 'n glas vervaardigingsmaatskappy. Hy verseker dat die produksieproses in die fabriek doeltreffend bedryf word.

Watter van die volgende is 'n primêre rol van John?

- A Voltooi roetine administratiewe take
- B Monitor die besigheid se sosiale bewustheid
- C Ontwikkel bemarkingstrategieë
- D Hou toesig oor en gee leiding aan spanne (1)

1.4 Watter van die volgende beskryf die vaste koste van 'n besigheid die beste?

- A Koste wat wissel na gelang van die produksievlakke
- B Koste wat nie volgens die produksievlak verander nie
- C Koste wat direk verband hou met die koste van goedere wat verkoop is
- D Koste wat aangegaan word wanneer 'n sekere produksievlak behaal is (1)

1.5 Zoë besit 'n klerewinkel, Garment Clothing, wat 'n wye reeks produkte van T-hemde tot baadjies verkoop.

Gedurende Junie 2023 het Garment Clothing die volgende uitgawes betaal:

huur van R1 500, elektrisiteit R510, lone R1 200 en versekering R250.

Watter van die volgende is 'n veranderlike koste vir Garment Clothing?

A Huur

B Lone

C Versekering

D Elektrisiteit

(1)

1.6 Ras, 'n graad 9 leerder, wil goedere koop ter waarde van R1 070 met die doel om dit teen R1 520 by die skool se talent kompetisie te verkoop.

Wat is die koste van die goedere wat deur Ras verkoop is?

A R1 520

B R1 070

C R2 590

D R450

(1)

1.7 Caitlyn, 'n kleinhandelaar, het 'n skooltas teen R320 gekoop. Sy wil met die verkoop daarvan 'n wins van R100 maak.

Hoeveel sal die verkoopsprys van die skooltas wees?

A R320

B R100

C R420

D R220

(1)

1.8 Zakes Meubeleerders is in 'n stedelike gebied waar meeste van hul klante vir die staat werk, geleë. Zakes Meubeleerders wil hul verkope met 10% verhoog. Watter van die volgende strategieë moet Zakes Meubeleerders gebruik om verkope te verhoog?

- A Huur 'n gedeelte uit aan 'n mededinger
- B Voorsien betalende na-verkoopsdienste
- C Samewerking met plaaslike fabrieke
- D Adverteer op 'n plaaslike televisie stasie (1)

1.9 Jy is 'n graad 9 entrepreneur wie sopas met 'n briljante idee vir 'n nuwe besigheid vorendag gekom het. Wat sal die mees gepaste manier wees om aanvangskapitaal vir die besigheid te kry?

- A Neem 'n persoonlike lening by 'n bank uit
- B Gebruik jou persoonlike spaargeld
- C Leen geld by 'n mikro-uitlener
- D Gebruik jou studiebeurs (1)

1.10 KoeKie is 'n passievolle kok wat besluit het om 'n eenmansaak besigheid te begin. Watter van die volgende kan 'n nadeel vir KoeKie se besigheid wees?

- A Verantwoordelik vir alle besluitnemings
- B Alle wins behoort aan die eienaar
- C Onbepaalde aanspreeklikheid
- D Maklik om te begin (1)

1.11 Popeye en Spinasië is ervare sagteware ontwikkelaars, wat dit oorweeg om 'n besigheid te open waar hul gesamentlik verantwoordelik sal wees vir die skuld van die besigheid.

Watter vorm van eienaarskap sal die geskikste wees vir Popeye en Spinasië?

- A Eenmansaak
- B Vennootskap
- C Privaat maatskappy
- D Publieke maatskappy (1)

1.12 Wat is 'n besigheidsplan?

- A Gedetailleerde riglyne van daaglikse take wat benodig word om 'n besigheid te bedryf
- B Gedetailleerde dokument wat die finansiële doelwitte van 'n besigheid uiteensit
- C 'n Dokument wat die doelwitte en strategieë van 'n besigheid uiteensit
- D 'n Dokument wat die inkomste en uitgawes van 'n besigheid opsom (1)

1.13 Kate, 'n graad 9-leerder, neem deel aan haar skool se entrepreneursdag en verkoop handgemaakte juwele.

Op watter ouderdomsgroep behoort Kate tydens die entrepreneursdag te fokus?

- A 26-35
- B 20-25
- C 7-12
- D 13-19 (1)

- 1.14 Bruce het 'n sport-motor handelaar begin en wil verseker dat sy produkte by die standaard van sy teikenmark pas.  
Watter inkomstegroep behoort Bruce te teiken?
- A Lae inkomste
  - B Middel inkomste
  - C Hoë inkomste
  - D Gemiddelde inkomste
- (1)
- 1.15 Die bestuurder van Zenex Sportdrag wil bepaal of hulle moet voortgaan met 'n nuwe reeks dames swemklere wat drie maande gelede bygevoeg was.  
Watter van die volgende aktiwiteite moet die bestuurder uitvoer?
- A Boekhouding
  - B Begroting
  - C Personeelvergadering
  - D Produk bemarking
- (1)
- 1.16 Cell B gebruik titanium wat van Richards Bay Minerale Hulpbronne gekoop word om selfone mee te vervaardig. 'n Koerant artikel toon dat 'n moontlike staking in die komende maand by Richards Bay Minerale Hulpbronne kan voorkom.  
Wat moet Cell B doen om te verseker dat hul vervaardiging van fone nie beïnvloed word nie?
- A Produseer meer fone
  - B Hou voldoende titanium in voorraad
  - C Soek na nuwe verskaffers van titanium
  - D Voer reeds voltooide fone in
- (1)



1.17 Watter van die volgende verteenwoordig goeie kliëntediens?

- A Om daaglik kliënte te bel wie die besighied geld skuld
- B Om bemarkingveldtogte te organiseer
- C Om spoedig aan kliënte se navrae aandag te skenk
- D Om gemeenskaps radio-stasies te gebruik

(1)

1.18 Blue Crane bestaan reeds vanaf 2022 en 'n nuwe Uitvoerende Finansiële Beampte (CFO) is aangestel.

Hoe sal die CFO van Blue Crane die afgelope ses maande se verkoopsyfers kan kry?

- A Deur 'n nuwe verkoopsklerk aan te stel
- B Deur voorraad-aankope na te gaan
- C Deur personeel oudits uit te voer
- D Deur finansiële inligting te verwerk

(1)

1.19 Die bestuur van Imvubu PLC is bekommerd oor die lae vlakke van produksie terwyl werkers se vergoeding konstant bly.

Hoe kan die bestuur die rede vir die lae produksievlakke bepaal?

- A Deur die werkers se verloff te ondersoek
- B Om produksiemetodes te verander
- C Om werksure te verminder
- D Om werksure te vermeerder

(1)

1.20 Gin-Gin Ink. vergoed jaarliks hul werknemers vir goeie diens deur aan elkeen 'n identiese kombers te gee. Hulle het 'n bestelling vir identiese kombers by Aranda Tekstiele geplaas.

Watter produksiemetode sal deur Aranda gebruik word om die bostaande bestelling te doen?

- A Taakproduksie
- B Bondelproduksie
- C Massaproduksie
- D Net in tyd produksie (1)

1.21 Een van die verantwoordelikhede van die Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) van Amanzi Verskaffers is om te verseker dat die maatskappy se hulpbronne soos finansies, menslike en fisiese hulpbronne nie vermors word nie.

Watter van die volgende bestuurstake word hierdeur weerspieël?

- A Beplan hulpbronne
- B Organiseer personeel
- C Beheer hulpbronne
- D Lei personeel (1)

Vraag 1.22 en 1.23 word baseer op die advertensie hieronder.



***Msinga Vars Produkte-mark***

1.22 Watter van die volgende 4 P's van bemarking is in die bostaande advertensie weggelaat?

- A Produk
- B Plek
- C Promosie
- D Prys

(1)

1.23 Watter tipe produkte kom in die advertensie hierbo voor?

- A Vars groente
- B Vars vrugte
- C Vars vleis
- D Vars produkte-mark

(1)

1.24 Droogte is 'n groot risiko vir die boerdery-bedryf.

Wat kan gedoen word om die risiko rakende droogte te verminder?

- A Gewas rotasie
- B Besproeiing
- C Invoere
- D Gewas planting

(1)

- 1.25 'n Internasionale maatskappy lok kliënte van reg oor die wereld. Dit is belangrik dat inligting oor kliënte in die toekoms herwin kan word.  
Watter liasering metode kan die maatskappy gebruik om groot hoeveelhede data te stoor sodat dit vinning herwin kan word?
- A Alfabetiese liasering
  - B Chronologiese liasering
  - C Elektroniese liasering
  - D Tematiese liasering
- (1)
- 1.26 Elect & Seuns is 'n besigheid wat in elektroniese toestelle spesialiseer. Hulle het 'n nuwe verskaffer identifiseer wat hul besigheid mededingend sal hou.  
Wat sal Elect & Seuns in ag moet neem om die geskiktheid van die verskaffer te bepaal?
- A Prys, kwaliteit, hoeveelheid en afleweringstyd
  - B Prys, kwaliteit, dokumente en betalings
  - C Prys, hoeveelheid, ontvangs en afleweringstyd
  - D Prys, hoeveelheid, dokumente en betalings
- (1)
- 1.27 DD Toms het 'n televisie advertensie ontwerp vir sy selfoon besigheid met die doel om verkope met 10% te vermeerder. Dit het al 'n paar keer op televisie verskyn. In die advertensie verkyn die selfoon as slank met gevorderde kemaske. Nietemin, na 'n maand, het verkope slegs met 2% vermeerder.  
Watter een van die AIDA(ABBA)-beginsels is nie suksesvol deur die advertensie bereik nie?
- A Aandag
  - B Belangstelling
  - C Begeerte
  - D Aksie
- (1)

- 1.28 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van publisiteit?
- A Bekendstelling van die werkers aan die besigheid en die besigheidskultuur
  - B Bewusmaking van die produk, diens en organisasie
  - C Beplanning van korporatiewe sosiale verantwoordelikeids geleenthede
  - D Evaluering van die publiek se opinie deur marknavorsing te doen (1)
- 1.29 KK Holdings is geleë in Manama, naby die vierrigting-stop en verkoop kitskos. Hoe sal KK Holdings aan die gemeenskap bekend word?
- A Deur middel van deur-tot-deur bemarking, promosies en pamflette
  - B Adverteer op televisie, promosies en pamflette
  - C Adverteer op reklameborde, promosies en pamflette
  - D Deur te adverteer op radio, promosies en pamflette (1)
- 1.30 Govan Ishmail is een van die uitvoerende bestuurders in 'n tegnologie besigheid. Hy vind uit dat een van die junior personeellede swak klantediens lewer. Hy besluit toe om die werknemer vir opleiding in klantediens te stuur. Vir watter funksie is Govan Ishmail aanspreeklik?
- A Bemarkings funksie
  - B Finansiële funksie
  - C Menslike hulpbron funksie
  - D Openbare betrekkinge funksie (1)
- 1.31 Watter een van die volgende verwys na die kwaliteit en doeltreffendheid van die produksiefunksie?
- A Besikbaarheid van goedere en dienste teen die regte kwaliteit en kwantiteit
  - B Besikbaarheid van kompetende kwaliteit goedere en dienste aan klante
  - C Aanhou van lae hoeveelhede en hoë kwaliteit goedere en dienste
  - D Aanhou van lae hoeveelhede goedere en dienste (1)

1.32 Kate is 'n algemene bestuurder by SC Wholesalers en is verantwoordelik vir die beplanning van alle aktiwiteite van die besigheid.

Watter van die volgende is relevant tot die bostaande?

- A Die vaardigheid om ander te beïnvloed om te werk, om doelwitte te bereik
- B Bepaal die toekomstige rigting waarin die besigheid beweeg
- C Bepaal of die huidige prestasie in lyn is met die voorgestelde doelwitte
- D Verseker dat die aktiwiteite uitgevoer word (1)

1.33 K. Candy, die bestuurder by KitsoEntle, 'n funksiebestuurmaatskappy is verantwoordelik vir die toekenning en verspreiding van hulpbronne.

Watter van die volgende rolle is relevant tot die bostaande scenario?

- A Verseker dat die funksies behoorlik beplan is
- B Beïnvloed personeel om funksie doelwitte te bereik
- C Verseker dat alle vereistes vir die funksies in plek is
- D Verseker dat die funksies volgens plan verloop (1)

1.34 Watter een is 'n geleentheid vir die besigheid?

- A 'n Toename in kriminele aktiwiteite in die gebied
- B 'n Afname in die aantal mededingers
- C Tekort aan ervaring van werknemers
- D Swak gesondheid van werknemers (1)

1.35 Vraag 1.35 en 1.36 is baseer op die volgende inligting:

PPP Supermark is die alleenverskaffer van My-perfume wat in 'n hoogs winsgewende mark meeding, maar die verspreidingskanale ontbreek. Daar is egter nuwe toetreders tot die mark.

Wat is die swakpunt wat in die scenario hierbo voorkom?

- A Hoogs winsgewende mark
- B Nuwe toetreders tot die mark
- C Enigste verskaffer van My-perfume
- D Ontbreking van verspreidingskanale (1)

1.36 Watter een word geklassifiseer as 'n sterkpunt van PPP Supermark?

- A Enigste verskaffer van My-perfume
- B Ontbreking van verspreidingskanale
- C Hoogs winsgewende mark
- D Nuwe toetreders tot die mark (1)

1.37 Dikano Gastehuis (DGH) het vanaf Februarie nie goed presteer nie as gevolg van swaar reën. Die teikenmark het vergroot en die besigheid sal waarskynlik uitbrei as gevolg van 'n toename in mense na die omgewing. DGH het huidiglik nie genoeg geld om die uitbreiding te finansier nie.

Watter een van die volgende sal 'n bedreiging vir die besigheid wees?

- A DGH het nie genoeg geld nie
- B Die teikenmark het vergroot
- C DGH mag uitbrei weens die toename van mense
- D Nuwe besighede wat dieselfde diens lewer

- 1.38 Latimore Winkels se menslike hulpbron bestuurder is 10 jaar gelede aangestel, die tegnologie het egter baie verbeter. Latimore Winkels moet die nuutste tegnologie in die besigheid implementeer.  
Hoe kan Latimore Winkels die effek van die geïdentifiseerde swakheid versag?
- A Die bestuurder is 10 jaar gelede aangestel: kry 'n nuwe en jong bestuurder
  - B Verouderde tegnologie: Stel vaardigheidsontwikkelings-programme in
  - C Ervare HR bestuurder: Ontwikkel jong werknemers
  - D Ervare HR bestuurder: Staats-vaardigheidsontwikkelings program (1)
- 1.39 Klante van Roots Kitskos is ongelukkig oor die ontwrigting wat beurtkrag veroorsaak. Wat is die beste oplossing vir hierdie bedreiging?
- A Skuif die besigheid na 'n ander area
  - B Onderhandel met die elektrisiteits voorsiener
  - C Belê in enige hernubare energie-hulpbronne
  - D Verhoog die prys van smaaklike kitskos (1)
- 1.40 Waarvoor staan die afkorting KVBA?
- A Kommissie vir Versoening, Bemiddeling, en Arbitrasie
  - B Kommissie vir Verbetering, Bemiddeling en Arbitrasie
  - C Komitee vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie
  - D Komitee vir Verbetering, Bemiddeling en Arbitrasie (1)
- 1.41 Wat is die korrekte stappe in 'n dissiplinêre proses?
- A Vergader, geskrewe waarskuwing, reg tot appel, dissiplinêre uitslag
  - B Vergader, reg tot appel, geskrewe waarskuwing, dissiplinêre uitslag
  - C Geskrewe waarskuwing, dissiplinêre uitslag, reg tot appel, vergadering
  - D Geskrewe waarskuwing, vergadering, dissiplinêre uitslag, reg tot appel (1)



1.42 Wat is ekonomiese groei?

- A Die skep van welvaart wat tot die gemeenskap se voordeel is
- B Toename in die aantal goedere en dienste wat in die land vervaadig word
- C Die mate van toegang van 'n gemeenskap tot rykdom en gemak
- D Die mate waartoe die land se werksmag indiens geneem word (1)

1.43 Watter van die volgende is 'n doelwit van die KVBA?

- A Gee werknemers 'n kleiner sê in besluitneming
- B Gee werkgewers meer sê in besluitneming
- C Los geskille tussen werknemers en werknemers op
- D Los geskille tussen die werknemers en werkgewers op (1)

1.44 Wat is die korrekte stappe vir 'n dissiplinêre verhoor?

- A Uitnodiging, aanklag, ontmoet die persoon en dissiplinêre besluit
- B Ontmoet die persoon, aanklag, uitnodiging, en dissiplinêre besluit
- C Aanklag, uitnodiging, ontmoet die persoon en dissiplinêre besluit
- D Aanklag, ontmoet die persoon, uitnodiging en dissiplinêre besluit (1)

1.45 Die bestuurder van Zozi (Edms) Bpk het 12 werkers vir dieselfde rede afgedank. Na 'n maand het die bestuurder besluit om een van hierdie werknemers weer aan te stel. Watter van die onderstaande is relevant tot die scenario?

- A Billike arbeidspraktyk
- B Onbillike arbeidspraktyk
- C Wettige arbeidspraktyk
- D Onwettige arbeidspraktyk (1)

1.46



This Photo by Unknown Author is licensed under [CC BY-NC-ND](#)

Wat sal met die besigheid gebeur waneer die werkers op 'n sloerstaking gaan?

- A Verkope sal toeneem
- B Beleggers sal vermeerder
- C Produksie vermeerder
- D Produksie verminder

(1)

1.47



Prent A



Prent B

Photos by Unknown Author is licensed under [CC BY-SA-NC](#)

Wat word in die boonste prente getoon?

- A Prent A is 'n wettige staking, Prent B is 'n onwettige staking
- B Prent A is 'n onwettige staking, Prent B is 'n wettige staking
- C Prent A is 'n wettige staking, Prent B is 'n wettige staking
- D Prent A is 'n onwettige staking, Prent B is 'n onwettige staking

(1)

- 1.48 Watter gevolge is daar vir werkers wat deelneem aan 'n onwettige staking?
- A Werkers mag nie gedissiplineer word nie
  - B Werkers mag hul jaarlikse verlof dae verloor
  - C Sommige werkers mag afgelê word na regmatige stappe
  - D Werkers mag afgedank word na regmatige stappe (1)
- 1.49 Dannis Dlamini werk vir 'n meubel maatskappy as 'n skoonmaker. Terwyl hy vensters skoon gemaak het, het hy geval en seergekry. Hy was vir 'n maand af siek. Watter opsie beskryf die basiese kondisies vir indiensneming wat van toepassing op Dannis is?
- A Dannis sal sy salaris kry
  - B Geen werk geen betaling sal toegepas word
  - C Dannis sal meer as sy normale salaris kry
  - D Dannis sal van die vergoedingsfonds kan eis (1)
- 1.50 Hoe dra vakbonde by tot werkskepping?
- A Spandering op vaardigheidsontwikkeling en opleiding van werkers
  - B Eis hoër lone wat lei tot beperkte werksgeleenthede
  - C Voorkom werksverlies en verseker minimum indiensneming
  - D Deur stakings in die werksplek aan te moedig (1)
- 1.51 Hoe bevorder vakbonde volhoubare groei?
- A Gebruik hulpbronne produktief om 'n gesonde omgewing te verseker
  - B Verhoog spandering op vaardigheidsontwikkeling en opleiding van werkers
  - C Moedig lede aan om hulpbronne effektief in die werksplek te gebruik
  - D Forseer besighede en werknemers om meer omgewingsbewus te wees (1)

1.52 'n Groep werkers by KB Vervaardigingsaanleg is reeds vir 'n paar maande ontevrede met hul lone en werksomstandighede. Ondanks pogings om met die bestuur te onderhandel, is geen ooreenkoms bereik nie. Gefrustreerd en onderwaardeer, het die werkers besluit om te staak.

Wat is die werkers se griewe in die bostaande scenario?

- A Pogings om met die bestuur te onderhandel
- B Lone en werksomstandighede
- C Nie 'n ooreenkoms te bereik nie
- D Om te staak (1)

1.53 Watter van die volgende is vakbonde se bydra tot die ekonomiese groei?

- A Moedig lae produktiwiteit aan
- B Ontwikkel werkers se vaardighede
- C Skep werkloosheid
- D Sien om na hul lede (1)

1.54 Hoe beïnvloed loonverhogings die ekonomiese groei?

- A Wanneer spandering vermeerder, verhoog vraag en die prys van goedere verlaag
- B Wanneer spandering verminder, verhoog vraag en die prys van goedere verlaag
- C Wanneer spandering verminder, verlaag vraag en die prys van goedere verlaag
- D Wanneer spandering vermeerder, verhoog vraag en die prys van goedere verhoog

- 1.55 John da Silva werk by 'n blue-chip maatskappy as 'n IT-Bestuurder. Sy werksdag bestaan uit: programering, bedrywighede en besoeke aan sustersmaatskappye. In watter tipe werksomgewing bevind John homself?
- A Saaklike werksomgewing
  - B Vermaaklikheids werksomgewing
  - C Tegniese werksomgewing
  - D Sosiale werksomgewing
- (1)
- 1.56 George is as 'n drywer by die plaaslike supermark aangestel. Op 3 Mei 2023 raak sy vrou siek en neem hy haar na die hospitaal. Watter tipe verlof het George op 3 Mei 2023 geneem?
- A Normale siekverlof
  - B Gesinsverantwoordelikheds-verlof
  - C Jaarlikseverlof
  - D Kraamverlof
- (1)
- 1.57 Thuthuko werk by 'n meubeleerder as 'n skrynwerker. Hy werk met 'n groot aantal elektroniese en handgereedskap soos figuursae, bore, beitels, hammers ens. Hoe kan die maatskappy Thuthuko se veiligheid in die werksplek verseker?
- A Die maatskappy moet 'n werksplek veiligheids-forum hê
  - B Thuthuko moet sy eie veiligheid in die werksplek verseker
  - C Thuthuko moet sy eie beskermde klere vir die werksplek verskaf.
  - D Die maatskappy is nie geforseer om veiligheid in die werksplek te verseker nie.
- (1)

1.58 Themba is sopas as 'n tegnikus by 'n yskas handelaar aangestel. Hy het 'n kontrak met sy werksterme en voorwaardes geteken.

Wat moet in Themba se kontrak rakende kollektiewe bedinging staan?

- A Werksverhoudinge
- B Verlof terme
- C Salaris onderhandelinge
- D Werkers produktiwiteit

1.59 MAZ Konstruksie het 40 werkers indiens. 10 Werkers eis 'n 10% loonverhoging terwyl 15 werkers 'n verhoging van 15%, 'n 13de tjeke (bonus) en behuisingsvoordele van R1 500 per maand eis. Die res van die werkers eis 'n 12% verhoging en bo en behalwe dit wat die ander 15 werkers eis, ook vier maande se kraamverlof met betaling. Die werkgewer aan die anderkant bied 7.5% voor die voet aan.

Hoe moet die bostaande situasie opgelos word?

- A Die werkgewer moet vir al die werkers 'n 7.5% verhoging gee
- B Die werkgewer moet elke groep hul eie eise gee
- C Die werkgewer moet elk van die werkersgroepe betrek
- D Die werkgewer en werkers moet van kollektiewe bedinging gebruik maak (1)

1.60 Vir watter van die volgende werksvoorwaardes kan daar tydens kollektiewe bedinging onderhandel word?

- A Werksure, lone en verlof
- B Verlof, toelaes en kos
- C Vervoer, kos en rooktye
- D Opleiding, oortyd en om van die huis af te kan werk (1)

1.61 Waarom het ons werksplek forums nodig?

- A Demotivering en afname in belangstelling van die werksplek verminder
- B Meningsverskille by die werksplek word gou opgelos
- C Verminder die produktiwiteit in die werksplek
- D Afname in die prestasie in die werksplek (1)

1.62 ZZ Ondernemings het 200 werkers in diens geneem. 100 werkers behoort aan 'n unie, terwyl die res aan geen unie behoort nie. Die unies wil gesamentlik 'n werksplek forum stig.

Hoe word 'n werksplek forum gestig?

- A 200 werkers, aansoek by SAKP, geen komitee deur werkers verkies nie
- B 200 werkers, aansoek by SAMU, geen komitee deur werkers verkies nie
- C 200 werkers, aansoek by SADOU, komitee deur werkers verkies
- D 200 werkers, aansoek by die KVBA, komitee deur werkers verkies (1)

1.63 Wat is die verskil tussen vakbonde en federasies?

- A Federasies smelt saam om vakbonde te vorm
- B Vakbonde smelt saam om federasies te vorm
- C Federasies is kleiner as vakbonde
- D Vakbonde is groter as federasies (1)

1.64 Nuusflits:

Die Vakbond FESU maak geskiedenis deur die eerste werkers-bank te stig. In die eerste jaar van bestaan, neem hulle 50 werkers in diens. Hulle hoop om binne die volgende 5 jaar takke in al 9 provinsies te open.

Wat is die bydrae wat FESU tot ekonomiese groei in die bostaande scenario maak?

- A Skep van nuwe werksgeleenthede
- B Verhoog die werkers se salarisse
- C Skep mededinging tussen lede
- D Vernuwe die vaardighede van bestaande werkers (1)

**[64]**



## AFDELING B

### Vraag 2

- 2.1 Jack Dlabane het pas in 'n nuwe residensiële gebied ingetrek. Hy het ontdek dat daar nie 'n winkel naby is waar die mense van die omgewing daagliks brood kan koop nie. Hy besluit om sy eie besigheid, Dlabane Bakkers te open om verskillende gebakte produkte te verkoop. Hy het egter nie genoeg kapitaal om toerusting en bestandele te koop nie. Hy het geen ervaring in die bestuur van 'n besigheid nie, behalwe dat hy opleiding as 'n bakker aan 'n kulinêre skool studeer het.
- Lees die bostaande scenario en identifiseer twee swakpunte en twee geleenthede (4)  
wat daarin voorkom.
- 2.2 Mandy is die HUB van 'n Sellulêre maatskappy en is verantwoordelik vir beide die beheer en organiseringsfunksies van bestuur, om te verseker dat die span saam werk om die besigheid se doelwitte te bereik.
- Wat is die verskil tussen beheer en organisering in Mandy se besigheid? (4)  
Noem twee verskille van elk.
- 2.3 Die Algemene Bestuurder van T Blazers is die persoon wat verantwoordelik is om te bepaal wat in die besigheid gedoen moet word. Hy besluit ook oor wanneer en hoe dinge gedoen moet word. Opdragte word aan werkers gegee om die besigheid se doelwitte te bereik. Dit het tot 'n positiewe omgewing gelei en die besigheid is produktief en het hoë verkoopsyfers.
- Lees die bostaande uittreksel en identifiseer en verduidelik die twee bestuurstake wat daarin voorkom. (4)

## 2.4 Uittreksel uit die besigheidsplan van Vukani Elektriese Toebehore

Verwagte/Geprojekteerde Kontantbegroting vir die 3 maande geëindig 31 Mei 2023

	<b>MAART</b>	<b>APRIL</b>	<b>MEI</b>
<b>VERWAGTE/ GEPROJEKTEERDE INKOMSTE</b>	750 000		
Kontant uit die verkoop van elektriese toebehore	750 000	750 000	(c)
<b>MINUS VERWAGTE / GEPROJEKTEERDE UITGAWES</b>	<b>(35 000)</b>	(b)	
Huur van winkel	30 000	30 000	(d)
Water en Elektrisiteit	5 000	(a)	

**Nota:** Die munisipaliteit wil 'n 20% verhoging in water en elektrisiteitskoste instel om die koste van Eskom se tariewe vir die nuwe finansiële jaar, wat in April begin, te kan dek. Weens die winter koue, sal daar 'n 10% verhoging in die kontantverkope van toebehore in Mei wees.

Voltooi die verwagte/geprojekteerde kontantbegroting van Vukani Elektriese Toebehore vir die 3 maande geëindig 31 Mei 2023. (4)

[16]

**Einde van die toets**

